6 Desember **Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 6:1-10**
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 6:1

Tevergeefse genade?

By die lees van vers 1 wonder ‘n mens: Kan ons God se genade tevergeefs ontvang? Dit kan tog nie. Christus kon tog nie tevergeefs gesterf het nie! Dit is egter ook nie wat in vers 1 beweer word nie.
Met “Genade” in vers 1 word bedoel: “die boodskap van genade”. Dit is die boodskap dat God Christus in ons plek as sondaar veroordeel het sodat ons vrygespreek kan wees (5:21). Paulus het hierdie genadeboodskap aan die Korintiërs verkondig. Dit is dieselfde boodskap wat ons ook elke keer as daar gepreek word hoor.
En nou word ons in vers 1 vermaan om hierdie genadeboodskap nie vergeefs te ontvang nie. Ons kan dit ook vertaal met: “Ons mag dit nie leeg ontvang nie”. Ons loop gevaar om so gewoond te raak aan die boodskap van genade dat dit nie meer indruk op ons maak nie. Dan gaan die boodskap inhoudloos by ons verby. Só mag dit nie wees nie, vermaan die Here ons in vers 1. Elke keer as ons die evangelie hoor, moet ons in die hart gegryp word deur die wonder van dit wat God in Christus ons geskenk het.
As ons deur die inhoudryke genade van die evangelie aangegryp word, sal dit ons ook nie leeg laat nie. Dit sal nuwe inhoud aan ons lewe gee. As begenadigdes in Christus sal ons so dankbaar wees, dat ons lewe van sy genade en liefde sal oorloop. Ons sal uit sy genade lewe, omdat ons genade nie tevergeefs ontvang het nie.
Sing: Psalm 9:1,10 Prof GJC Jordaan (Potchefstroom)